# *Piekfyn Afrikaans Graad 4 Huistaal Leesboek – memorandum*

## Volksvertellings

### "Jakkals red Padda se lewe" (bl. 1)

1. Die leerder se gemotiveerde en sinvolle respons vanuit die teks volgens die leerder se norme/waarde/gevoel teenoor wat met Slang gebeur het.
2. Die leerder se gemotiveerde en sinvolle respons vanuit die teks. Byvoorbeeld: Jakkals het die regverdigste opgetree want hy het na beide kante van die saak geluister en wil vir Slang 'n les leer. Hy voel Slang was verkeerd, want Padda wou hom help. "Dis jou verdiende loon, Padda help jou, en dan wil jy hom insluk."
3. Die leerder se gemotiveerde en sinvolle respons. Byvoorbeeld: Moenie mense wat jou help/wil help skade aandoen nie.

### "Die Haas en die Boomgees" (bl. 6)

1. Die leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.
2. Leerderbespreking.
    - **Mvundla die haas se slegte eienskappe**: Hy buit 'n persoon soos Nthu uit deur voor te gee hy is die Boomgees en "verryk" homself deurdat Nthu vir hom bessies moet aandra. Hy is te lui om self te gaan kos soek. Mvundla trek dus die voordeel uit Nthu se goedheid.
    - **Mvundla die haas se goeie eienskappe**: In Mvundla se eie "domheid" om die bokwietsaailinge onderstebo te plant om raakgesien te word, verrig hy eintlik 'n goeie daad en verbreek die vloek wat die "beenmaer ou vrou" uitgespreek het.
3. Die leerder se antwoord. Ja/Nee
4. Leerder se eie gemotiveerde respons, byvoorbeeld:

   **Ja**, want Tembe kon hom bedank het omdat sy haar stem teruggekry het. Mvundla dink dit is sy optrede wat die rede was dat Tembe haar stem teruggekry het maar eintlik wou hy net raakgesien word.

   OF

   **Nee**, want Tembe het nie geweet wat Mvundla se bedoeling was nie. Sy sien die haas se optrede as dwaas en was kwaad vir hom.



***© NB-Uitgewers***

### “Die kat wat ingekom het” (bl. 10)

1. Leerder se gemotiveerde en sinvolle bespreking binne konteks van die verhaal. Byvoorbeeld: Ja, Kat is slim, want Kat kies telkens die dier by wie Kat veilig voel/groter en sterker as Kat is om vir kat teen gevaarlike diere of gevaar te beskerm.
2. Leerder se gemotiveerde en sinvolle bespreking binne konteks van die verhaal. Byvoorbeeld: Ja, want Vrou het die Mens (waarskynlik ’n man) vanuit die huis gegooi/gerol. Die is waarskynlik n.a.v. ’n konfrontasie tussen die twee persone.
3. Die skrywer wil sekere aspekte beklemtoon/uitlig vir die leser. Beklemtoon Kat se optrede.

### “Die watermense” (bl. 13)

1. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons binne konteks van die verhaal.
2. Leerder se gemotiveerde en sinvolle antwoord.
3. Leerder beskryf die agtergrond van die verhaal kortliks.
   Die verhaal speel af by die kus waar ’n rivier in die see uitmond. Daar was ’n hoë kransmuur tussen die riviermond en die see.

## Kortverhale

### “’n Fees van sprinkane” (bl. 16)

1. Hy was baie kwaad.
2. Hy het gewens die sprinkane volg die Zoeloe-krygers terug huis toe.
3. Ja, die sprinkane het die krygers huis toe gevolg en al hulle oeste opgevreet.
4. Leerders kan kreatief wees en antwoorde gee soos bitter, sleg, goor. Daar kan dalk iemand wees wat dink dit is lekker! Daar is nie ’n regte of verkeerde antwoord nie.
5. Sommiges staan op straat, dalk by verkeersligte, maar baie bly hul, gewoonlik armoedige, huise en ons weet nooit van hulle nie. Selfs mense wat vir ons lyk of hul welaf is, kan geldelike probleme hê en daarom niks om te eet nie.
6. Beslis nee. Dit is nooit reg om te steel nie. Vra eerder mense of hulle vir jou kos sal gee. Dalk kan jy iets in ruil doen daarvoor as jy nie geld het om kos te koop nie.

**Vertel**

- Die leerders vertel die storie in hul eie woorde oor.
- Die leerders voer die storie in klein groepies op.



***© NB-Uitgewers***

## “Klara Majola” (bl. 19)

1. Die leerder beskryf Klara se karaktereienskappe: Sy is ingedagte as haar ma met haar praat. Sy is rats met haar vingers. Sy is pligsgetrou/gehoorsaam. Sy gee om vir haar pa. Sy is oplettend as sy na die weer/wolke kyk.
2. Die verhaal speel af in winter iewers in die afgeleë platteland waar dit sneeu. Dit kan moontlik die Karoo wees.
3. Leerders se eie gemotiveerde respons.

## “Middernag by die goudmyn” (bl. 24)

1. Bheka. Die verhaal is vanuit Bheka se perspektief.  Eerste persoonsverteller.
2. Die man wat bel, klink baie kwaai. Bheka wil uitvind of sy pa in die moeilikheid is.
3. Hy skrik baie groot. Hy weet nie wat om te dink nie.
4. Dit behoort aan een van die goeie ouens. Bheka herken die man as ’n konstabel wat saam met sy pa werk. Sondini is nie besig met skelmstreke nie. Hy is besig om sy werk as polisiebeampte te doen. Hy en sy kollegas lei ’n skelm in ’n lokval.
5. Ek sou verduidelik dat ek bekommerd was oor my pa. Ek wou kom kyk wat hy doen. Ek wou hom help as hy in die moeilikheid is.
6. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.

## “Die skat onder die grond” (bl. 28)

1. Die leerders se sinvolle en gemotiveerde respons binne konteks, byvoorbeeld:
   Ja, die pa was baie slim want deur vir die seuns die sê daar is ’n skat begrawe, het hy hulle geleer om fluks en hard te werk en self te besef dat hulle moet werk om geld te verdien.
2. Die seuns se name is tipies Russies. Borsjt, dik beetsop, is ook ’n tipiese Russiese gereg.
3. Nee, die “skat” is eintlik die harde werk en saai wat geoes woes. Hierdie oes bring dus ’n inkomste (die skat waarskynlik) dat hulle vir hulself kan sorg.
4. Die leerders se gemotiveerde en sinvolle respons. Byvoorbeeld: As jy nie hard werk nie, gaan jy nie ’n sukses behaal nie. Dink aan die gesegdes: Jy pluk die vrugte van harde werk.



***© NB-Uitgewers***

# Roman

## “Grilbrigade” (bl. 32)

1. Dit lyk vir Ben of Taj darem weet wat hy doen.
2. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons, byvoorbeeld: Ja, dit maak mens bang as jy nie weet of die monster gevaarlik kan wees nie.
3. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons, byvoorbeeld: Ja, die illustrasie gee mens idee hoe die monster en die ander karakters lyk. Dit beeld die verhaal visueel uit.
4. Die krag gaan aan. Taj kom die huis binne. Buks sien die woord “Grilbrigade” op ’n kenteken. Buks rig ’n wapen op die monster.
5. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.  Die monster kon Ben dalk aangeval het. Ben sou nie geweet het wat om te doen nie.
6. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.
7. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.
8. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons. Nee, want nou is daar skade. Hy kon die deur dalk saggies en versigtig oopgemaak om die monster te verras.
9. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.
10. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.

# Drama

## “Nathi en Alet gesels oor fudge” (bl. 44)

**Voer ’n gesprek met jou maat**

Die leerder voer die opdragte saam met ’n maat uit.

## ‘Keuses” (bl. 46)

1. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons.
2. Leerders noem voorbeelde: As jy iets skelm doen. In ’n eksamen oneerlik was. Vir jou ouers jok ensovoorts.
3. Leerder se gemotiveerde en sinvolle respons. Keuses kom gewoonlik met verantwoordelikheid en kan gevolge hê.
4. Die leerders voer die toneel in die klas op.



***© NB-Uitgewers***

## “Die hottentotsgot en die maan” (bl. 51)

1. Die leeu.
2. Die hottentotsgot wil die maan vang en dan op sy rug ry.
3. Hy hou baie vang die mooi, blink maan. Soveel so dat hy die maan wil vang.
4. Ja, die hottentotsgot sê later, toe hy die maan nie kan vang nie, die maan is lelik.
5. Hy vra om verskoning en smeek die maan om hom weer te laat sien.
6. Nee, hy het onthou dat die maan hom vergewe het. Hy het elke dag dankie gesê.
7. Leerders se eie storie volgens die riglyne in die vraag.
8. Die leerders se oorvertelling van die verhaal vanuit die maan se oogpunt.

# Gedigte

## “’n Muis in die huis” (bl. 60)

1. Dit gaan oor ’n muis wat in die huis is.
2. ek-spreker
3. gebroke rym; paarrym
4. Die gedig het ’n vinnige ritme, want daar is kort en vinnige klanke.
5. Strofe 1: “woerts”

   Strofe 4: “piep”

   Slotstrofe: “EEEEEEAAAAAA”

## “ons is die kinders van die land” (bl. 62)

1. Dit handel oor ’n kind se geskiedenis EN sy toekoms. Dit vertel die rol wat die ouers en grootouers speel om ’n kind op sy lewenspad te lei.
2. “ons is die jong boompies/wat met die eerste botsels van belofte knop/wat geplant en watergelei is/met die kwekershand van ons pa’s en oupas” – “groeiring” verwys na hierdie beeld.
3. Die woord “hulle” verwys na beide die pa’s en oupas, ma’s en oumas.
4. 

   a)“ons koppe is deur die son gedoop”

   b) “al die gevaarplekke / in afgeleë soetbossiepaadjies / oor rooiklipplaat en duwweltjieveld”

   c) “hulle bidpraat met God”

   d) “raas soos voëlverskrikkerkrale om ons polse en enkels”

   e) “hulle kan ons nie terughou in veilige / kindweesarms in ’n kindweeslyf nie”



***© NB-Uitgewers***

f) “laat hulle ons”

5. Leerder se eie gemotiveerde en sinvolle respons.

## “Die dwergies” (bl. 65)

1. Die dwergieman en sy vrou, wat ondergronds, onder die sukkeldoring woon.
2. Wanneer dit skemer word; die son nie meer skyn nie (die glans verdwyn).
3. Die sagte veredons van ’n tinktinkie se nes.
4. In elke strofe is die slegs versreël 2 en 4, byvoorbeeld “huis / gruis “ wat telkens rym wat gebroke rym genoem word. (Die rympatroon is dus *abcb cded fghg ijkj lmnm opqp*.)
5. Vergelyking: Strofe 2, versreël 2: “wat skitter soos sonneskyn” vergelyk hoe helde die vuurvliegies se liggies is met die van sonskyn.
   Metafoor: “Die tafel ’n groot wit paddastoel” ; “Die stoele is bergkristalle”, “Die kussings is die fynste kapok”. Die voorwerp word direk in die plek van die ander gestel.

## “Jakkals” (bl. 68)

1. Dit is aand – “maanlignag”
2. op ’n plaas.
3. Hy wil gaan hoenders gaan vang. Hy het eers rondgeloer en wag dat die honde nie sal raas nie.
4. Hy het vir die hoenders vertel dat hy baie lief is vir hulle.
5. Leerders se gemotiveerde en sinvolle respons.

## “Ballade van die hengelaar” (bl. 70)

1. ’n Hengelaar wat spog oor sy visvang.
2. Die hengelaar self.
3. ’n Vishoek
4. ’n Klein vissie
5. Hy ken die see se draai om die rotse en kape asook al die kronkelgange onder die see. Hy wag tot die visse honger word en ander nader kom.
6. Sy visstok en vislyn wat van nylon gemaak is. Hy is ’n baie goeie hengelaar.



***© NB-Uitgewers***

## “Die dieretuindiere” (bl. 13)

1. Strofe 2: *bbccdd* (paarrym)

   Strofe 3: *eeffgg* (paarrym)

   Strofe 4: *hhiijj* (paarrym)
2. ’n Jong kind wat saam met maats dieretuin toe gaan.
3. Die likkewaan, wolf, beer en krokodil het hulle betower terwyl die slang hulle laat gril het.
4. Hy het gespring, geklim, gelag en geskree.
5. Neute. Die kinders en toeskouers het dit vir haar gegee.
6. Op die olifant se rug gery.

## “'n Koei is ene bene” (bl. 76)

1. Die koei is die produsent van die suiwelprodukte, maar kry self nie ’n beloning (“onbeloon”) daaruit nie en is ook nie ’n koningin met ’n kroon (“onbekroon”) wat oor die land regeer nie.
2. Leerder se gemotiveerde en sinvolle antwoord.
3. die koei.
4. Die gedig se goeie dinge word in die vorm van ’n gedig geskryf en aangeprys. Hoe goed en lekker hierdie produkte soos roomys en kaas is wat van melk gemaak kan word.

## “Kuierkat” (bl. 78)

1. Dit is ’n kat wat net kom kuier. / ’n Kat wat daarvan hou om te kuier.
2. Versreëls 3–4
3. Versreël 3
4. Nee, dit is ’n wit vlek op sy bors wat soos ’n borslap lyk
5. Versreëls 7, 8, 9
6. Die kat kry die oorskietkos van die kafee af.

## “Pixie-hond” (bl. 80)

1. Die hondjie is so klein, hy pas letterlik in sy baas se sak.
2. Sy noem hom ’n “dingetjie op vier *sprietjiedun* beentjies”.
3. Draaie hardloop en opgewonde blaf – eie respons. Personifikasie omdat dit ’n menslike eienskap is om te rinkink.
4. Hy speel nie met ’n sokkerbal nie, maar met ’n tafeltennisballetjie. Hy het die bal soos ’n sokkerspeler hanteer daarom noem sy hom ’n sokkerkampioen.



**© *NB-Uitgewers***

5. Met geen bang haar *op sy kop nie.*
6. Sy was nie bang nie (versreël 6), het molle en hadidas en duiwe bekruip en probeer vang (versreëls 7–8).

### "Vier ronnebôl-limerieke" (bl. 82)

1. Dit het 'n grapperige einde. Almal het dit goedgekeur/was opgewonde daaroor/trots op die wyse wat dit aangebied is.
2. Sy was van Nederlandse afkoms en die woord is Nederlands vir meisie.
3. Hy was aantreklik en hy het baie geld gemaak; oral in die wêreld 'n sokkerheld.
4. "skyn" en "akteur"

## Inligtingstekste

### "Onderhoud: Pikkewyn sterf uit" (bl. 85)

1. As daar te min ys is, het hulle nie broeiplek nie, hul blyplek word al hoe minder/kleiner en daar is dan ook nie genoeg kos vir hulle nie.
2. Kril wat 'n soort skaaldiertjie soos 'n garnaal is.
3. Aardverwarming as gevolg van al die fabrieksgasse en rook, besoedeling omdat afval nie herwin word nie.
4. Suid-Afrika is naby Antartika. Dit maak nie saak waar jy is nie, dit het orals 'n invloed/impak op die poolgebiede.

## Mediatekste

### Tydlyn

### "Die Suid-Afrikaanse Nasionale Volkslied" (bl. 90)

- Enoch Sontonga
- C.J. Langenhoven
- 1897
- Nkosi
- 1921
- 1997
- Xhosa, Zoeloe, Suid-Sotho, Engels en Afrikaans



***© NB-Uitgewers***

## Pamflet (bl. 107)

1. Dit gee wenke hoe mense vir hul diere tydens die vakansie kan sorg.
2. Hulle moet vir die diere kos en water gee. Hulle kan ook met die diere speel sodat hulle nie alleen voel nie.
3. Dit is nie goed as hulle siek word as jy weg is nie. Niemand gaan vir hulle kan sorg nie.
4. Vuurwerke maak die diere bang. Hulle skrik.



***© NB-Uitgewers***